Reformerende Kerk
Pretoria

5 Februarie 2010

Lukas 10:25-37.

Gaan maak jy ook so! (v.37).

Dalk was jy moedeloos toe jy gesien het jy moet die gelykenis van die barmhartige Samaritaan weer lees. Tog is dit nodig dat die boodskap van hierdie verhaal dikwels onder ons aandag kom. Dit is tog die wil van die Here dat ons barmhartige mense moet wees. Dan sal ons weet om goed aan mense te doen al ken ons hulle nie.

As ons by plekke kom waar die nood groot is en mense ly, kan ons maklik verbyloop en anderkant toe kyk. Dit is nie die moeilikste ding in die wêreld om die nood van ander eenvoudig te ignoreer nie. Ons moet dit egter onderstreep dat dit nie die christelike pad is nie. Christus het juis gekom vir die pyn, seer en onvoltooidheid van die mense.

Nou het Hy ons wat glo sy mense gemaak, sy kinders in 'n deurmekaar wêreld. Hy skep 'n intieme verhouding met ons want Hy maak ons deel van sy liggaam. Net dit, net jou deelgenootskap aan sy liggaam, die kerk, maak dat jy nie kan wegkyk om die nood van ander te ignoreer nie. Die seer van die wêreld raak vir Jesus en daarom raak dit ook vir jou.

Jy moet tot aksie oorgaan en help. Daartoe is jy geroep. Daarvoor het Jesus jou sy dissipel gemaak. Die eis van jou roeping as gelowige is om die nood van die wêreld raak te sien en iets daaraan te doen. As elke gelowige net iets doen, sal hierdie wêreld al klaar 'n beter plek vir baie meer mense word en Christus se kerk sal groei.

Here, dankie dat U my opnuut bewus maak van my verpligting as gelowige in die wêreld. Skenk aan my die perspektief en genade om reg op te tree.